# Appendix F.2:

# Proof of Pre-Application Public Participation Process – Distribution of Site Notices and Letter-Drops (23 October 2020)

## Site Notice (Afrikaans)

Sharples Est 1998 Environmental Services

***GEORGE***
**TEL:** +27 (0) 44 873 4923 **FAX:** +27 (0) 44 874 5953
**EMAIL:** info@sescc.net **WEBSITE:** www.sescc.net
**ADDRESS:** 102 Merriman Street, George 6530
**PO BOX:** 9087, George , 6530

***CAPE TOWN***
**TEL:** +27 (0) 21 554 5195 **FAX:** +27 (0) 86 575 2869
**EMAIL:** betsy@sescc.net **WEBSITE:** www.sescc.net
**ADDRESS:** Tableview, Cape Town, 7441
**PO BOX:** 443, Milnerton, 7435

**KENNISGEWING VAN VOORAANSOEK BASIESE OMGEWINGSASSESSERINGSVERSLAG. UITNODIGING OM TE REGISTREER AS 'N BELANGHEBBENDE & GEAFFEKTEERDE PARTY (B&GP) EN OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE VOORAANSOEK BASIESE ASSESSERINGSVERSLAG**

**DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE BESTAANDE MELKHOUTFONTEIN BEGRAAFPLAAS, STILBAAI, WES – KAAP.**

**LIGGING:** Gedeelte 480 van die Plaas Melkhoute Fontein Nr.141 en die res van Erf 566 in die dorp Melkhoutfontein. Melkhoutfontein is ongeveer 7km binnelands vanaf Stilbaai geleë.

**BESKRYWING VAN AKTIWITEITE:** Uitbreiding van die bestaande Melkhoutfontein Begraafplaas met ongeveer 8347.79m$^2$ op gedeelte 480 van die Plaas Melkhoute Fontein Nr. 141 en die res van Erf 566 om addisionele begrafnisruimtes vir die volgende dekade te akkomodeer.

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE EN GELYSTE AKTIWITEITE:**'n Basiese Omgewingsimpakstudie proses sal onderneem word in terme van die 2014 Omgewingsimpakstudie Regulasies, soos gewysig (RegeringsKennisgewing Nr. R. 324 – 327 van 7 April 2017): **NoteringsKennisgewing 1 (Regeringskennisgewing Nr. R. 327) Aktiwiteite 4 en 19.**

**BESKIKBAARHEID VAN VERSLAG:** Die verslag is beskikbaar vir 30 dae op SES se webwerf: www.sescc.net en by die Melkhoutfontein Publieke Biblioteek op HeideLaan, Melkhoutfontein, Stilbaai.

**GELEENTHEID OM TE REGISTREER AS 'N B&GP:** Potensiële Belanghebbende & Geaffekteerde Partye (B&GP's) word uitgenooi om te registeer en kommentaar te lewer op hierdie voorstel. B&GPs moet hul kommentaar voorsien tesame met hul name, kontak besonderhede (voorkeurmetode van kennisgewing bv. E-pos of faks nommer) en enige direkte besigheid, finansiële, persoonlike of ander belange wat hulle in die aansoek het na die onderstaande kontak persoon binne 30 dae vanaf **26 Oktober 2020**. Versoeke vir registrasie en/of kommentaar moet ons voor of op **24 November 2020** bereik**.**

**B&GP REGISTRASIE EN KOMMENTAARPERIODE: 26 OKTOBER 2020 – 24 NOVEMBER 2020**

**VIR MEER INFORMASIE KONTAK:**


- Ameesha Sanker / Tel: 021 554 5195 / Fax: 086 575 2869 / E - POS: ameesha@sescc.net / P.O Box 443, Milnerton, 7435


• Environmental Impact Assessments • Basic Assessments • Environmental Management Planning
• Environmental Control & Monitoring • Water Use License Applications • Aquatic Assessments

Professional Service since 1998

## Photographs of Site Notices Positioned on Site









Voordrag moet maksimum 2 minute lank wees
060 683 8760 (WhatsApp)
WENNERS SAL OP 9 SEPTEMBER 2020 AANGEKONDIG WORD
EEN WENNER SAL UIT ELK VAN DIE NEGE DORPE GEKIES WORD
PRYSGELD VAN R200 VIR ELKE WENNER
SES
Environmental Services
GEORGE
CAPE TOWN
KENNISGEWING VAN VOORAANSOEK BASIESE OMGEWINGSASSESSERINGSVERSLAG. UITNODIGING OM TE REGISTREER AS 'N BELANGHEBBENDE & GEAFFEKTEERDE PARTY (B&GP) EN OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE VOORAANSOEK BASIESE ASSESSERINGSVERSLAG
DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE BESTAANDE MELKHOUTFONTEIN BEGRAAFPLAAS, STILBAAI, WES – KAAP.
LIGGING:
BESKRYWING VAN AKTIWITEITE:
OMGEWINGSIMPAKSTUDIE EN GELYSTE AKTIWITEITE:
(Regeringskennisgewing Nr. R. 327) Aktiwiteite 4 en 19.
BESKIKBAARHEID VAN VERSLAG:
GELEENTHEID OM TE REGISTREER AS 'N B&GP:
B&GP REGISTRASIE EN KOMMENTAARPERIODE: 26 OKTOBER 2020 – 24 NOVEMBER 2020
VIR MEER INFORMASIE KONTAK:


WEAR YOUR MASK PLEASE
NO MASK — NO SERVICE — THANKS.
AANDAG !!!
Biblioteek maak oop
Dinsdag 11 Aug 2020
Nuwe tye:
10h00 12h00
(Gesluit tussen 12h00-14h00)
14h00-17h00
HESSEQUA BIBLIOTEEKDIENS BIED AAN
GEDIGTE KOMPETISIE
Aandag Aandag
WENNER
SES

## Copy of Letter-Drop

**GEORGE**
**TEL:** +27 (0) 44 873 4923 **FAX:** +27 (0) 44 874 5953
**EMAIL:** info@sescc.net **WEBSITE:** www.sescc.net
**ADDRESS:** 102 Merriman Street, George 6530
**PO BOX:** 9087, George , 6530

**CAPE TOWN**
**TEL:** +27 (0) 21 554 5195 **FAX:** +27 (0) 86 575 2869
**EMAIL:** betsy@sescc.net **WEBSITE:** www.sescc.net
**ADDRESS:** Tableview, Cape Town, 7441
**PO BOX:** 443, Milnerton, 7435

23 Oktober 2020
Navrae: Me. Ameesha Sanker
E - pos: ameesha@sescc.net

Geagte Grondeienaar en/of Bewoner,

**RE: KENNISGEWING VAN VOORAANSOEK BASIESE OMGEWINGSASSESSERINGSVERSLAG (BAV) EN UITNODIGING OM TE REGISTREER AS 'N BELANGHEBBENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTY (B&GPs) EN KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE MELKHOUTFONTEIN BEGRAAFPLAAS OP GEDEELTE 141/480 EN ERF 566, HESSEQUA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT.**

Die voorgestelde uitbreiding van die Melkhoutfontein Begraafplaas sal op Gedeelte 480 van die Plaas Melkhoute Fontein Nr. 141 en die res van Erf 566 in die dorp van Melkhoutfontein geleë wees. Melkhoutfontein is ongeveer 7km binnelands vanaf Still Baai geleë.

**BASIESE OMGEWINGSIMPAKSASSESSERING WAT ONDERNEEM SAL WORD**

'n Basiese Omgewingsimpakassesserings Proses sal onderneem word in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, (Wet 107 van 1998), in terme van die 2014 Omgewingsimpakassessering Regulasies, soos gewysig (Regerings Kennisgewing Nr R. 324 – 327 van 7 April 2017), as deel van die Aansoek vir Omgewingsmagtiging na die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning. Die volgende "gelyste aktiwiteite" sal geaktiveer word deur die voorgestelde uitbreiding: **Noterings Kennisgewing 1 (Regerings Kennisgewing Nr. R. 327)** Aktiwiteite 4 en 19.

**U GELEENTHEID OM AAN DIE BASIESE OMGEWINGASSESSERINGSVERSLAG PROSES DEEL TE NEEM**

As inwoner binne die aangresende nabyheid van die voorgestelde terrein word u hiermee in kennis gestel van die Voorgestelde Uitbreiding van die Melkhoutfontein Begraafplaas op Gedeelte 141/480 van die Plaas Melkhoute Fontein Nr. 141 en die res van Erf 566, in die Hessequa Plaaslike Munisipaliteit. Die vereiste Publieke Deelnameproses sal u inlig oor die proses en die betrokke dokumentasie wat onderneem is.

U word uitgenooi om te registreer op die databasis vir Belanghebbende & Geaffekteerde Partye (B&GPs) vir hierdie projek. Geregistreerde B&GPs sal op hoogte gehou word van die vordering en die finale uitkoms van die projek.

U word verder in kennis gestel dat die Vooraansoek Basiese Omgewingsassesseringsverslag vir die bogenoemde projek beskikbaar sal wees vir hersiening en kommentaar vir 'n periode van 30 dae

**vanaf die 26 Oktober 2020 – 24 November 2020.** U word hiermee uitgenooi om enige kommentaar te lewer (positief of negatief), oor die voorgestelde projek en gepaardgaande aansoeke. Enige belanghebbende party is geregtig om kommentaar in te dien, en alle kommentaar wat ingedien word sal tydens die proses in ag geneem word.

U word ook versoek om alle inwoners op u eiendom in kennis te stel van die bogenoemde voorgestelde ontwikkeling, die Basiese Assesseingsproses en gepaardgaande dokumentasie wat onderneem sal word, en ook die beskikbaarheid daarvan vir hersiening en kommentaar.

**MEER INFORMASIE**

Verdere inligting oor die voorgestelde projek en die proses kan deur SES gekry word (onderstaande kontak besonderhede) of in die verslag, wat direk vanaf die SES webwerf (www.sescc.net) onder die "publieke dokumente" afdeling afgelaai kan word. Let wel, om toegang tot hierdie informasie te kry moet u, u besonderhede registreer op die webwerf om die dokumentasie te verkry. As u wil registreer as 'n B&GP (Belanghebbende en Geaffekteerde Party) moet u, u inligting indien soos hieronder uiteengesit in "Hoe om kommentaar te lewer of as 'n Belanghebbende Party te registreer".

Hierdie verslag is ook beskikbaar by die Melkhoutfontein Publieke Biblioteek in die gemeenskapsentrum, Heidelaan, Melkhoutfontein. So wel as deurmiddel van die Konsultant (onderstaande kontak besonderhede). U kan SES kontak as u enige probleme ondervind om toegang tot die verslag te kry of as u enige navrae het oor die voorgestelde projek.

**HOE OM KOMMENTAAR TE LEWER OF AS 'N BELANGHEBBENDE PARTY TE REGISTREER**

Om te registreer as 'n Belanghebbende & Geaffekteerde Party en/of kommentaar te lewer, moet u asseblief die volgende informasie deur stuur:

- Volle Naam
- Kontak besonderhede
- Voorkeurmetode van kontak (E-pos, per pos, faks ens.)
- Adres
- Aanduiding van enige direkte besigheid, finansiële, persoonlike of enige ander belange wat u in die aansoek mag hê:
- Enige kommentaar wat u wil hê moet in ag geneem word

Dit moet skriftelik aan Me. Ameesha Sanker per e – pos (verkieslik), per pos of faks ingedien word met behulp van die onderstaande kontak besonderhede.

Let wel daarop dat skriftelike kommentaar Sharples Environmental Services (SES) voor of op die **24 November 2020** moet bereik om in ag geneem te word. Let ook daarop dat korrespondensie gedurende die res van die proses slegs aan die geregistreede B&GPs versprei sal word en u word dus aangemoedig om te registreer in die projek se databasis om opgedateerde inligting van die voorgestelde projek te ontvang. **B&GP's registrasie en kommentaar periode: 26 Oktober 2020 - 24 November 2020.**

Indien U enige navrae het of verdere informasie verlang, moet u nie huiwer om my te kontak nie.

Vriendelike groete,

• Environmental Impact Assessments • Basic Assessments • Environmental Management Planning
• Environmental Control & Monitoring • Water Use License Applications • Aquatic Assessments

PROFESSIONAL since 1998 SERVICE

**Ameesha Sanker**
Sharples Environmental Services cc.
Tel: 021 554 5195 | Fax: 086 575 2869 | e - pos: Ameesha@sescc.net | Pos: P.O. Box 443, Milnerton, 7435

• Environmental Impact Assessments • Basic Assessments • Environmental Management Planning
• Environmental Control & Monitoring • Water Use License Applications • Aquatic Assessments

PROFESSIONAL since 1998 SERVICE


2020. 10. 23


2020. 10. 23